HALLO familie

HERDERSBRIEF

Hello Bellville gemeente!

Die begin van 2022 herinner my aan my atletiek dae op skool.

Ek het naellope gehardloop en ek onthou die opgewondenheid, maar ook die senuweeagtigheid wanneer ons aangetree het by die wegspringplek. Ek het altyd eers gestaan en rondkyk, na die ander atlete en gewonder wie die vinnigste gaan wees, voor ons die woorde gehoor het: "Op julle merke…!" Nadat die skoot geklap het, moes ons volspoed hardloop tot oor die eindstreep, rondkyk terwyl ons hardloop was taboe en daar was geen ander opsie as om klaar te hardloop nie.

Dit is presies hoe ek voel oor die wegspring van 2022. Van ons het uitgesien met groot opgewondenheid na 2022, ander was dalk baie senuweeagtig oor die onsekerhede van 'n nuwe jaar. Of ons nou gereed was of nie, die skoot het geklap en nou moet ons hierdie jaar aanpak na die beste van ons vermoë.

Almal van ons wil mos saam met Paulus kan sê:

> ***"Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, en ek het gelowig gebly."***
> **(2 Tim. 4:7)**

Ons, as die leierskap van AGS Bellville, bid al 'n geruime tyd dat die Here ons moet help sodat ons beter Rentmeesters kan wees van ons gebou en ook dat ons 'n groter impak kan maak in ons gemeenskap sodat Sy Koninkryk uitgebrei sal word.

Baie opwindende nuus is dat 'n nuwe skool met die naam van VIP International School of Chokmah ons gebou huur van Maandae tot Vrydae om hulle skool vanuit te bedryf. Hierdie is 'n Christen gebaseerde Privaatskool en ons is baie opgewonde om te kan sien hoe kinders skool toe kom in ons gebou en nie net opvoeding ontvang nie maar ook Christus leer ken. Klouter Wouter Kleuterskool se kontrak met ons het geëindig aan die einde van 2021 en die nuwe skool se deure het 19 Januarie 2022 oop gemaak.

Soos julle reeds weet het Erick en Alicia Lehmkühl einde Desember by ons gemeente klaar gemaak en moet ons twee nuwe persone aanstel. Eerstens is ons op soek na 'n Jeugleier vir die ouderdom 13-35 en dan ook 'n Pastoor wat saam met my die gemeente kan versorg en toerus.

Ek wil vra dat julle asb saam met ons sal bid vir hierdie twee nuwe persone wat by ons gemeente moet kom aansluit. Bid saam met ons dat die Here ons sal lei sodat Sy wil sal geskied en ons die regte persone sal aanstel.

Ek bid vir elkeen vir 'n geseënde, gesonde en sommer net 'n fantastiese jaar!

Bellville Groete

Matthys
info@agsbellville.com